

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English / Afrikaans

September 2020 Edition 2

	<p>Woza Matrics launched</p> <p>Page 4</p>	<p>STAY SAFE</p> <p>PROTECT SOUTH AFRICA</p> <p>TOGETHER WE CAN BEAT CORONAVIRUS</p>		<p>Save lives: Download COVID Alert SA</p> <p>Page 6</p>
---	---	---	---	---

Government moves against corruption



Allison Cooper

President Cyril Ramaphosa's promise to the nation to root out corruption relating to Coronavirus Disease (COVID-19) relief fund spending is being put

solidly into action, with various investigations underway and the suspension of numerous government officials.

The President established an anti-corruption centre, bringing together nine state law enforcement institutions, including the Special Investigat-

ing Unit (SIU), to investigate allegations of corruption in areas such as the distribution of food parcels, Unemployment Insurance Fund (UIF), social relief grants and the buying of medical supplies and personal protective equipment (PPE).

The President is determined that every instance of corrup-




tion will be thoroughly investigated, that those responsible for wrongdoing will be prosecuted and that all money should be recovered.

To ensure this, he signed a proclamation with the SIU to investigate any unlawful or improper conduct in the procurement of any goods, works

and services during or related to the national state of disaster in any state institution.

The President also asked Auditor General (AG) Kimi Makwetu to audit the key COVID-19 initiatives intro

Cont. page 2

	<p>To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:</p> <p> </p> <p>Search for SA Government on Google playstore or appstore</p>	<p>CONTACT US</p> <p>Website: www.gcis.gov.za Email: vukuzenzele@gcis.gov.za</p> <p>www.vukuzenzele.gov.za Tel: (+27) 12 473 0353</p> <p>Tshedimosetso House: 1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083</p>
---	--	---



Beskerm ons vroue en kinders

Duisende vroue, mans en kinders het  n jaar gelede, amper tot op die dag, na die Parlement opgeruk om teen  n stortvloed van verkragtings en moorde op vroue en kinders te betoeg.

Suid-Afrikaners het in daardie stadium onder die moorde van Uyinene Mrwetyana, Leighandre Jegels, Jesse Hess en verskeie ander vroue wat hulle lewens deur die toedoen van wreedaardige mans verloor het, gesteier.

Die vreedsame betogers uit alle vlakke van die samelewing, jonk en oud, studente en werkende vroue, het plakkate omhoog gehou met 'Genoeg is Genoeg' en 'Is ek volgende?' Die angs en woede was daardie dag tasbaar. Toe ek hulle duidelik uitgespelde eise ontvang het, het ek besef dat ons dringend en met vasberadenheid moes optree. Dit was vir my belangrik om met opregtheid te reageer en nie le  beloftes te maak nie.

 n Paar dae later het ek  n gesamentlike sitting van die Parlement bel  waartydens ons   Noodreaksieplan van R1.6 miljard om geslagsgebaseerde geweld (GGG) en vrouemoord te bestry, aangekondig het.

Oor die ses maande waartydens die plan in werking gestel is, is staatsbesteding in verskeie regeringsdepartemente herprioritiseer om ingrypings vir die beskerming en ondersteuning van oorlewendes, bewustheids- en voorkomingsveldtogte, sowel as wette en beleide te verbeter, en om die ekonomiese bemagtiging van vroue te bevorder en die strafregstelsel te versterk.

Nou is ons op die spits van die verrekendste wetgewende hersiening in die stryd teen GGG en vrouemoord.

Drie sleutelwetsontwerpe wat met GGG verband hou is onlangs by die Parlement ingedien. Deur hierdie wetsontwerpe in te dien, kom ons die belofte wat ons verlede jaar aan die betogers en alle vroue in die land gemaak het, na.

Die drie wysigingswetsontwerpe is daarop gerig om die gapings wat sommige oortreders van hierdie misdade toelaat om geregtigheid te ontwyk, te vul, asook om uiting te gee aan die regte van ons land se vroue en kinders.

Wanneer hierdie wetsontwerpe gefinaliseer is, sal dit help om die vertroue van ons land se vroue, dat die wet hulle inderdaad sal beskerm, te herstel.

Die eerste is die Wetsontwerp wat die Wysigingswet op die Strafrege (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) wysig. Dit skep  n nuwe oortreding van seksuele intimidasie; dit brei die omvang van die bloedskande-oortreding uit en brei ook die aanmeldingspog van persone wat vermoed dat  n seksuele oortreding teen  n kind gepleeg is, uit.

Verder brei dit ook die omvang van die Nasionale Register vir Seksuele Oortreders uit om alle seksuele oortreders se besonderhede in te sluit. Tot op hede, was dit slegs van toepassing op seksuele oortreders wat aan seksuele misdade teen kinders of mense met geestesongesteldhede skuldig bevind is. Die tydperk wat oortreders se besonderhede op die register moet bly, is verleng en oortreders wat op die register gelys is, sal hierdie feit bekend moet maak wanneer hulle aansoek doen om werk met kwesbare mense. Die Wetsontwerp maak ook voorsiening dat die name van persone op die Nasionale Register vir Seksuele Oortreders aan die publiek beskikbaar moet wees.

Die Wysigingswetsontwerp op



die Strafrege en Verwante Aangeleenthede sal onder meer die toestaan van borgtog aan oortreders van GGG en vrouemoord verstewig, en oortredings waarvoor minimum vonnisse opgel  moet word, uitbrei.

Die wysigings stel nuwe verpligtinge op wetstoepassingsamptenare en op ons howe in.

Wanneer  n aanklaer nie in sake van geslagsgeweld en vrouemoord borgtog teenstaan nie, moet hulle hul redes op rekord plaas. Tensy die beskuldigde uitsonderlike omstandighede kan gee waarom hy/sy op borgtog vrygelaat moet word, moet die hof beveel dat die beskuldigde in aanhouding bly totdat die strafregverrigtinge afgehandel is.

Die howe word verplig om met verskeie oorwegings rekening te hou wanneer daar oor  n borgtogaanzoek besluit word. Dit sluit in voor-verhoorverslae oor die wenslikheid daarvan om die beskuldigde op borgtog vry te laat, dreigemente van geweld teen  n oorlewende en die oorlewende

se opinie oor haar of sy veiligheid.

Wat parool betref, moet  n klaer of familielid van  n oorlede slagoffer  n voorlegging aan die paroolraad kan lewer.

Gegewe die onaanvaarbare ho  vlakke van geweld op intieme maats in ons land, het ons die bepalinge van die Wet op Huishoudelike Geweld, verskerp.

Huishoudelike geweld word nou omskryf om diegene wat vir enige tydskuur verloof is, in  n verhouding is, in 'n gewoonte-verhouding is of 'n werklike of skynbaar romantiese, intieme of seksuele verhouding is, in te sluit. Die Wetsontwerp brei ook die omskrywing van 'huishoudelike geweld' uit om die beskerming van ouer persone teen mishandeling deur familieledes, in te sluit.

Klaers sal aanlyn om  n beskermingsbevel aansoek kan doen. Om  n scenario te voorkom waar oortreders  n vorige geskiedenis van huishoudelike geweld kan wegsteek, sal  n ge ntegreerde bewaarplek van beskermingsbevel tot stand gebring word

Die voorgestelde wysigings verplig ook die departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Basiese Onderwys, Ho r Onderwys en Gesondheid om, waar nodig, sekere dienste aan oorlewendes te voorsien, en om hulle vir beskerming en mediese sorg te verwys.

Die omstandighede waaronder  n aanklaer kan weier om vervolging in te stel wanneer oortredings ingevolge die gewysigde Wet gepleeg is, of om klagtes terug te trek wanneer dit liggaamlike besering behels, of waar  n wapen gebruik is om  n klaer te bedreig, word beperk.

Die voorgestelde wysiging tot die Wet wat moontlik die beduidenste pionierswerk inlui, is dat as iemand kennis,  n redelike oortuiging of vermoede het dat huishoudelike geweld teen  n kind, persoon met  n gestremdeheid of ouer persoon gepleeg is en dit nie by  n maatskaplike werker of polisiebeampte aanmeld nie, hulle  n boete of tronkstraf opgel  kan word.

Versuim deur  n lid van die SAPD om hulle verpligtinge ingevolge die Wet na te kom sal ook as wangedrag geag word en moet by die Burgerlike Sekretariaat vir Polisie diens, aangemeld word.

Die reg is die een onfeilbare beskerming van ons samelewing, maar veral vir die kwesbaarste mense. Wanneer dit toegewyd en regverdig toegepas word, is dit die magtigste waarborger van geregtigheid.

Die vroue van Suid-Afrika het genoeg gehad van louwarm optrede wat een van die fundamenteelste regte van almal, naamlik die reg om sonder vrees te leef, nie aanspreek nie.

Die regering en sy vennote sal die regte ding doen om die vroue van Suid-Afrika te beskerm. Ons sal hulle nie in die steek laat nie.

Woza Matrics-program geloods

DIE WOZA MATRICS-PROGRAM poog om alle Graad 12 leerders te help om hulle finale eksamen te slaag.



Dale Hes

Vanjaar se matrikulante staan wesenlike uitdagings in die gesig as gevolg van die koronavirus (COVID-19).

Die Departement van Basiese Onderwys het verseker dat die veilige heropening van skole, sowel as bystand aan leerders deur verskeie programme wat hulle help om hul akademiese jaar suksesvol te voltooi, een van die departement se top-prioriteite is.

Een so 'n program is die Woza Matrics-program wat op 1 September, in samewerking met verskeie uitsaai-vennote en opvoedkundige deskundiges, geloods is.

Opvanglesse oor ses matriekvakke word elke dag vir 12 weke, van 8vm. tot 10vm. en 1nm. tot 3nm., as deel van die program op SABC, DStv en Openview (Kanaal 122), uitgesaai. Die doelwit is om leerders te help om vir hulle

finale eksamen voor te berei.

Die platform maak ook voorsiening vir regstreekse lesse, waartydens leerders aan onderwysers vrae kan vra. Eksamenwenke word ook verskaf. Woza Matrics erken dat, terwyl alle leerders skooltyd verloor het, Graad 12's die ergste beïnvloed is, aangesien hulle punte uiters belangrik vir hul beroep en universiteitstoelating is.

Die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, sê die program is noodsaaklik as die onderbreking in onderrig weens COVID-19, in ag geneem word.

"Matriek is altyd stresvol, maar 2020 het buitengewone spanning meegebring. Ek wens al ons Graad 12 leerders en hulle gesinne geluk met hul deursettingsvermoë en vasberadenheid. Dit is glashelder dat bykomende ondersteuning vir leerders nodig is en ons sal dit steeds voorsien. Daar is 'n paar maande oor voor die einde van die jaar en Woza Matrics sal leerders die ondersteu-

ning bied wat hulle nodig het om vir hul finale eksamen voor te berei," sê sy.

Die program is uniek in die sin dat dit die meeste Graad 12's in die land teiken wat nie gereelde toegang tot die internet en digitale dienste het nie. Die meeste van die 1,2 miljoen leerders wat in November matriek skryf, sal na die uitsendings kan kyk. Die Raad vir Opvoedkundige Ministers het alle leerders en ouers aangespoor om van die platform gebruik te maak.

Die SABC se Hoof Uitvoerende Beampte, Madoda Mxakwe, sê die uitsaai-er is trots daarop om deel van die inisiatief te wees. "Ons is verheug om as een van die sleutelrolspelers te kan help om die 2020-matriekjaar te red. As 'n openbare diensuit-saai-er, is ons verplig om te verseker dat ons inhoud 'n beduidende aantal opvoedkundige programme bevat, veral in 'n tydperk waar dit die nodigste is.

Jou vrae beantwoord

Watter vakke sal gedek word?

- Wiskunde
- Aardrykskunde
- Lewenswetenskappe
- Natuurwetenskappe
- Rekeningkunde
- Wiskundegeletterdheid.

Hoekom is hierdie tydgleuwe gekies, want leerders kan by die skool wees?

- Skoolbywoningstye verskil as gevolg van sosiale distansiëringsmaatreëls in verskillende distrikte en provinsies. Baie matrieks sal ten tye van die uitsendings, tuis wees.
- 'n Klein persentasie leerders ontvang ook tuisonderrig.
- Die hoofuitsendings sal na 4nm. op Openview herhaal word en op DStv Catch-Up beskikbaar wees.

Hoekom net matrieks?

- Matrieks is onder die meeste druk om hul lewens na skool te beplan.
- Matrieks het sedert Maart 2020 meer beduidende onderbrekings in hulle onderrig ervaar omdat hul kurrikulum nie verkort is nie.
- Matrieks het die verste agter geraak met hulle kurrikulumonderrig.

Waar kan ek die uitsaaiskedule kry?

Die uitsaaiskedule is in TV-gidse en op die Woza Matrics-webwerf, by wozamatrics.co.za, beskikbaar. Heruitsendings sal ook beskikbaar wees.

Word ondersteuning aan ouers en onderwysers gebied?

Ja. Die uitsaaiskedule sal sommige sessies oor wenke vir ouers oor hoe om hulle matriekkinders te ondersteun, bied. Sommige sessies sal op onderwysers fokus en die Departement van Basiese Onderwys se Teacher Connect WhatsApp-platform sal sleutelboodskappe aan onderwysers oordra.

Sal daar inligting wees oor hoe om die spanning wat matrieks in die gesig staan, te hanteer?

Ja. Verskeie sessies sal op wenke oor studentewelsyn fokus, sowel as hoe om stres en angs te hanteer.

Vir meer inligting, besoek die Woza Matrics-webwerf by wozamatrics.co.za of stuur 'n e-pos aan info@wozamatrics.co.za

Bystand in die hof vir GGG-slagoffers



More Matshediso

Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) het 'n gespesialiseerde diens om jou by te staan as jy 'n slagoffer van geslagsgebaseerde geweld (GGG) is en ondersteuning by 'n hof nodig het.

Die Ke Bona Lesedi Hofvoorbereidingsprogram is by die meeste howe vir seksuele oortredings beskikbaar, sowel as by ander howe wat GGG hanteer. Ke Bona Lesedi beteken 'Ek sien die lig' in Setswana.

'n GGG-slagoffer kan by die

NVG aansoek doen om hulp. Die senior staatsaanklaer of hofvoorbereidingsbestuurder sal dan 'n geskikte hofvoorbereidingsbeampte aanwys om te help.

"Die diens hou nie die belofte van 'n besondere uitkoms in die saak in nie en elke individu se ervaring is uniek. Dit help wel om slagoffers te bemagtig en hul waardigheid te herstel," sê 'n verklaring van die NVG.

Daar is landwyd 161 hofvoorbereidingsbeamptes by verskeie howe.

Die diens is een van verskeie inisiatiewe wat deur die rege-

ring daargestel is om die aaklige plaag van GGG te hanteer.

Volgens die NVG, sal die klaer, slagoffer, oorlewende of getuie, deur 'n hofvoorbereidingsbeampte van die hof waar hy of sy sal getuig, gekontak word.

Die hofvoorbereidingsbeampte sal beskikbaar wees om die klaer by die hof en regdeur die verhoor, by te staan. Gespesialiseerde hulpbronne en tegnieke word gebruik om die slagoffer visueel te wys dat hy of sy gehoor, beskerm en gerespekteer word.

Klaers kan in hulle eie taal praat en die hofvoorbereidingsbeampte sal toesien dat die slagoffer vir berading of terapie verwys word, om hulle te help op hul pad na genesing.

Baie vroue en kinders wat slagoffers van GGG, byvoorbeeld verkragting, is, voel angstig om in die hof te getuig en intieme besonderhede oor insidente voor vreemdelinge weer te gee. Dié diens sal help om hulle meer op hulle gemak te laat voel.

Jy kan die hofvoorbereidingsbestuurder/-koördineerder in jou provinsie kontak deur 'n telefoonoproep of 'n e-pos te stuur na onderstaande kontakbesonderhede:

- **Oos-Kaap (Grahamstad)** – Pumla Nomfemele – 041 502 5443 – Pnomfemele@justice.gov.za
- **Oos-Kaap (Mthatha)** – Sindisiwe Buthelezi – 047 501 2646 – Sbuthelezi@npa.gov.za
- **Vrystaat** – Ena Liebenberg – 051 410 6029 – Eliebenberg@npa.gov.za
- **Gauteng (Johannesburg)** – Asewa Fundi – 011 220 4085 – Afundi@npa.gov.za
- **Gauteng (Pretoria)** – Esther Kabini – 012 351 6713 – Ekabini@npa.gov.za
- **Kwa-Zulu Natal** – Roelien Wiesner – 033 3928712 – Rwiesner@npa.gov.za
- **Limpopo** – Reneilwe Mashamaite – 015 483 0302 – Rmashamaite@justice.gov.za
- **Noord-Kaap** – Henley Nathan Sass – 054 337 5375 – HSass@justice.gov.za
- **Noordwes** – Mmanotshe Seletisha – 012 700 9000 – Mseletisha@justice.gov.za
- **Wes-Kaap** – Gary Titus – 021 487 7287/ 021 421 7287 – Gvtitus@npa.gov.za
- **NVG-Hoofkantoor** – Karen Tewson – 012 845 6399/012 812 6399 – Ktewson@npa.gov.za

Belangrike kontakbesonderhede om te onthou:

- SAPD-nooddienste: 10111
- GGG-beheersentrum: 0800 428 428 of skakel *120*7867# van enige selfoon af.
- Mense met gestremdhede: SMS 'help' na 31531
- Vrouemishandelinghulplyn: 0800 150 150
- Childline Suid-Afrika: 0800 055 555
- SAPD Crime Stop: 0860 10111 of SMS 32211
- GGGV-verwante klagtes (SAPD): 0800 333 177/ complaintsnodalpoint@saps.gov.za
- Hulplyn vir huishoudelike geweld: 0800 150 150
- VIGS-hulplyn: 0800 012 322

How to deal with divorce

More Matshediso

Divorce can be a painful separation of two people who were once married and loved each other at a certain point in their lives.

This is according to Ntwagae Shuping, a social worker supervisor at Bophelong Psychiatric Hospital in North West.

He further defines the concept of divorce as the death of marriage and says it impacts on the people who are close to the couple, especially if the two people were committed to each other.

Shuping says there are various challenges that married people face in their union

and sometimes they choose to divorce instead of working things out.

“Divorce is not just the relational separation of the couple. It has emotional, mental, spiritual, financial and physical impacts on those involved. They also fear the unknown.”

He says the following issues could lead to divorce:

- Spouses having different belief systems, which re-

sults in conflict.

- Interfering or over-involved in-laws.
- The inability to conceive children.
- Different approaches or opinions to disciplining children.
- Infidelity or having children out of wedlock.
- Improper use of money.
- Unhealthy sexual relationship between the couple.
- Domestic violence.

“Divorce is not just the relational separation of the couple. It has emotional, mental, spiritual, financial and physical impacts on those involved. They also fear the unknown,” Shuping adds.

Sometimes, once a divorce

has been finalised, the divorcees experience challenges that include fighting for custody of the children, depression and the loss of assets.

Advice for managing divorce

As a professional who sometimes provides counselling to people who have been affected by divorce, Shuping has a few tips for those who find it hard to accept the reality of being divorced.

- If you have done your best to salvage your marriage, honestly, let go.
- Speak to the people who you trust and who value you, such as your support system.

- Renew your strength and try to start a new life after divorce.

- If you think you are the cause of the divorce, ask for forgiveness and forgive yourself too.

- Allow yourself to go through all the stages of loss.

- Guard against harbouring a grudge against your ex-partner. This grudge will slow down your healing. Harbouring a grudge will destroy future relationships if you want to remarry.

- Leave the door open for reconciliation.

While getting a divorce ends a chapter in your life – and you will feel a range of emotions, from anger and loss to frustration and possibly relief – he says it is important to remember that it also signals a new beginning.